# Welkom by NG The Reeds

## Veilige hawe vir nuwe hoop

‘n Naamlose uitgelewerde “ooilammetjie”

# Seëngroet

Ons kom buig voor God wat sien
wat mense nie sien nie,
wat mense hoor wat stilgemaak word,
en wat lig laat skyn in ons donkerste verhale.
Ons hulp is in die Naam van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.

Genade vir julle en vrede
van God ons Vader
en van Jesus Christus,
die Seun van Dawid,
die Lig wat in die duisternis skyn,
deur die werking van die Heilige Gees.

Amen.



# VONKK 253:1

Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.
Dis weer tyd vir Kersfees,
laat ons sing en bly wees.
Hy, die Hemelkoning,
maak hier by ons woning.
Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.

Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.
Kom vier fees met blydskap
oor die blye boodskap.
Ons is nie verlore.
Christus is gebore.
Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.

Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.
Hierdie Kindjie, Jesus,
is die ware Christus.
Hy, ons Lig en Lewe,
kom ons skuld vergewe.
Lui, klokke, klingelingeling,
lui, klokke, lui.

**Lui, klokke, klingelingeling,**
**lui, klokke, lui.**
**Laat ons almal lofsing,**
**Hom ons dank en eer bring.**
**Juig en sing in kore.**
**Jesus is gebore!**
**Lui, klokke, klingelingeling,**
**lui, klokke, lui.**

# VONKK 277:1

U is die lig wat deur die donker skyn.
U is die een wat duister laat verdwyn.
Skyn in ons harte, dryf die donker uit.
Skyn in ons lewens tot in ewigheid.

*Refrein:*

Jesus Christus, ons glo in U,
ons buig voor U neer, buig voor U neer.
Jesus Christus, ons God en Heer,
ons bring nou aan U die eer.

VONKK 277:2

U is oorwinnaar, U’t die dood verslaan.
U het as Koning uit die graf gegaan.
Breek nou die bande,
gooi die boeie neer.
Ons is oorwinnaars saam
met U, ons Heer.

## *Refrein:*

**Jesus Christus, ons glo in U,**
**ons buig voor U neer, buig voor U neer.**
**Jesus Christus, ons God en Heer,**
**ons bring nou aan U die eer.**

VONKK 277:3

U is die Bruidegom en ons u Bruid.
U nooi ons vir die bruilofsmaaltyd uit.
Daar klink ons lof,
daar klink ons danklied uit.
Ons bly by U tot in die ewigheid.





**ADVENT 2025**

**Ingesluit in Jesus se stamboom**

**<u>So. 30 Nov</u>**. - 'n Uitgelewerde slagoffer - Tamar

**<u>So. 7 Des</u>**. – Besoeker

**<u>So. 14 Des</u>**. – 'n Veragte vreemdeling – Rut

**<u>So. 21 Des</u>**. – **'n Naamlose uitgelewerde "ooilammetjie"**

**<u>Do. 25 Des</u>**. – Om sy ster te sien opkom!

# 2 Samuel 11 & 12
# Matteus 1:6



# Gebed



**2 Sam 11:1-27 – Dawid se sonde-storie**

2 Sam 12:1-11

2 Sam 12:13

2 Sam 14-25

11: 1. In die lente, die tyd waarin die konings gewoonlik optrek om oorlog te maak, het Dawid op 'n keer vir Joab en sy soldate en die hele Israel uitgestuur. Hulle het die Ammoniete verslaan en Rabba beleër, maar Dawid het in Jerusalem agtergebly …..(vertel)

26. Urija se vrou het gehoor dat haar man dood is en sy het oor hom getreur. 27. Toe die routyd oor was, het Dawid haar na sy huis toe laat haal. Sy het sy vrou geword en vir hom 'n seun in die wêreld gebring. **Maar wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here.**

2 Sam 11:1-27 – Dawid se sonde-storie

**2 Sam 12:1-11 – Gelykenis oor ooilammetjie**

2 Sam 12:13

2 Sam 14-25

12: 1. Daarna het die Here vir Natan na Dawid toe gestuur. Natan het by hom gekom en gesê: "Daar was twee mans in dieselfde plek. Die een was ryk en die ander arm. 2. Die ryke het groot troppe kleinvee en beeste gehad. 3. Behalwe een ou ooilammetjie het die arm man niks besit nie. Hy het haar aan die lewe gehou, en sy het saam met sy kinders grootgeword. Sy het van sy krummeltjies geëet, uit sy beker gedrink en op sy skoot geslaap. Ja, sy was vir hom soos 'n eie dogter. 4. Daar het 'n besoeker by die ryk man gekom en hy kon dit nie oor sy hart kry om van sy eie kleinvee of beeste te vat en vir die reisiger te slag nie. Toe **vat** hy die ooilam van die arm man en slag haar vir sy gas." 5-6. Dawid het hom bloedig vererg oor die man en vir Natan gesê: "So seker as die Here leef, 'n man wat

dit oor sy hart kon kry om so iets te doen, moet doodgemaak word, en hy moet viervoudig vir die ooilam vergoed."7. ***"Jy is die man!"*** sê Natan toe vir Dawid. "So sê die Here die God van Israel: **Ek het** jou tot koning van Israel gesalf. **Ek het** jou teen Saul beskerm. 8. **Ek het** aan jou die koningskap van Saul **gegee** en boonop nog sy vrouens ook. **Ek het** die koningskap oor Israel en Juda aan jou **gegee**. En as dit nog te min was, **sou Ek** enigiets daar **wou bygee**. 9. Waarom het jy nou die woord van die Here **geminag** deur so 'n verkeerde ding te doen? Jy het Urija die Hetiet met die swaard doodgemaak en toe sy vrou vir jou **gevat**. Ja, jy het hom vermoor met die swaard van die Ammoniete.

10. *“Daarom sal die swaard nou nooit meer uit jou huis*
*weggaan nie, want jy het My* ***geminag*** *toe jy Urija die*
*Hetiet se vrou vir jou* ***gevat*** *het.”* 11. *“So sê die Here:*
*Van nou af gaan Ek uit jou eie huis ellende oor jou*
*bring. Ek sal jou vrouens voor jou oë vat en aan iemand*
*anders gee. Hy sal by jou vrouens slaap oop en bloot,*
*12. want jy het 'n ding in die geheim gedoen, maar Ek*
*sal alles oop en bloot voor die hele Israel doen.”*

2 Sam 11:1-27 – Dawid se sonde-storie

2 Sam 12:1-11 – God se alternatiewe-storie

**2 Sam 12:13 – Dawid se berou & God se vergifnis**

2 Sam 14-25

13. Toe sê Dawid vir Natan: “***Ek het gesondig teen die Here***.” En Natan sê vir hom: “***Die Here het jou sonde vergewe****: jy sal nie nou sterwe nie*.

2 Sam 11:1-27 – Dawid se sonde-storie

2 Sam 12:1-11 – God se alternatiewe-storie

2 Sam 12:13 – Dawid se berou & God se vergifnis

**2 Sam 14-25 – Gevolge van Dawid se sonde**

14. Maar omdat jy deur hierdie daad die vyande van die Here aanleiding gegee het om Hom te laster, sal hierdie selfde kind…sterwe (nog drie van Dawid se kinders het ook gesterf).

# Sonde is nie meer so “big deal” nie



# In Advent-tyd sonde-storie met 'n Naamlose uitgelewerde lammetjie



# Advent en ongemaklike name

'n Tyd waarin ons wag op die Lig wat kom

Geslagsrgister verras:

- Nie net helde nie
- Nie net mooi stories
- Ook sonde en slagofferskap



# Advent en ongemaklike name

Dit herinner elke leser aan die omstandighede wat hierdie geboorte vooraf-gegaan het




*"Dawid was die vader van Salomo by die vrou van Uria"*

**Hoekom sou die skrywer hierdie gebeure in soveel detail vertel?**

Maar as dit by vergifnis kom is daar slegs twee sinnetjies

Daar is verskeie redes:



**1. Dit wil ons oog oopmaak vir die verhaalbotsing -**

Dawid se storie vs God s’n

# Dawid se storie:

- ‘n Storie van magsmisbruik
- ‘n Storie van geheime sameswering
- ‘n Storie waarin sonde toegesmeer word
- ‘n Storie waar Dawid ná Uria se dood selfs kan sê: *“Jong, dis nie so erg nie. Hierdie soort goed gebeur maar in oorloë”* (11:25)

# God se storie

Maar dan hoor ons die skokkende sin:

*"Maar wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here."* (11:27)

God se oë is nie toe nie –

God se storie lyk anders

God se storie kom na Dawid toe - deur Natan

Dit ruk hom uit sy selfregverdiging uit.

# 2. Dit wil ons **waarsku**: <u>mag en welvaart verander ‘n mens se binnekant</u>…

- Dit laat jou op regte staan - ten koste van ander
- Dit maak regte los van verantwoordelikheid
- Dit maak jou stelselmatig los van die ‘waarheid’
- Dit maak jou los van emosie en gevoelens
- Dit laat jou ander mense se menswaardigheid minag

# 3. Dit wil ons **konfronteer** met die vernietigende effek van sonde

- Sonde verander die individu
- Sonde betrek ander om saam te sondig
- Sonde verander die lewe van slagoffers
- Sonde verander die samelewing

# 4. Dit wil wys hoe God Homself verenselwig met slagoffers

- Die gebeure word nie weggesteek nie, maar gekonfronteer
- Die verhaal so geskryf dat lesers onge-maklik raak met hoe na haar verwys word

# Kan maklik Batseba miskyk in die verhaal

- Vrou van Uria;
- Verloor alle regte;
- Praat net een keer;
- Voorbeeld van 'n slagoffer



# 4. Dit wil wys hoe God Homself verenselwig met slagoffers

- Die gebeure word nie weggesteek nie, maar gekonfronteer
- Die verhaal so geskryf dat lesers onge-maklik raak met hoe na haar verwys word
- God sien raak en Hy is uiters teleurgesteld



# Wat beoog die skrywer met die gelykenis?

Gelykenis is slim, maar ook pastoral genadeloos



**Die ryk man <u>vat</u> die arm man se enigste lam.** Die woord tref hard

- maak ons emosioneel
- dwing ons om onreg aan ons **lyf** te voel
- plaas ons in die skoene van die slagoffer



**Die ryk man vat die arm man se enigste lam.**

God wil ons weer laat voel – omdat sonde ons gevoelloos gemaak

# Dawid gee uitspraak



# Jy is die man!



## Konfrontasie


Wat het deur Dawid se gemoed gegaan op daardie oomblik?

# Dawid se berou is eerlik

Vergifnis - nie goedkoop nie, maar lewens-veranderend.



***“Ek het teen die Here gesondig.”***

# Advent-genade

Ons kan nie Dawid se plek
in Jesus se geslagsregister verstaan
sonder **genade** en **vergifnis** nie

# Advent-genade

Nie om Dawid te verheerlik nie,
maar om te wys:

* Dit is **nie oor sy goeie koningskap** nie
* Ook **nie oor sy morele goedheid** nie.
* **Dit is suiwer oor God se genade**

# Advent-genade

Dawid **ná** Batseba was ’n ander mens:

- **afhanklik**
- **gebroke**
- **naby aan God**

nie meer magsbehep nie, maar ’n skaap by die Goeie Herder

# Advent-genade

**En Batseba?**

Sy word later **wéér by die naam genoem** —

* as moeder van Salomo,
* as raadgewer,
* as matriarg.

God maak **slagoffers én skuldiges** deel van sy stamboom.

# Advent-hoop

Advent sê vandag vir ons:

- * God kyk onreg in die oë
- * God hoor die stem van naamloses
- * God herskryf stories
- * God maak mense weer heel

**Selfs ’n naamlose lammetjie word onthou**

# Gebed



Here ons God,
U sien die stories wat ons probeer wegsteek.
U hoor die stemme wat stilgemaak is.
Maak ons harte weer sag,
sodat ons onreg kan raaksien,
sodat ons kan voel wat ander voel,
sodat ons kan erken waar ons geval het.

Dankie vir genade wat nie ontken nie,
maar genees.
Dankie dat U selfs gebroke mense
en weerlose slagoffers
deel maak van u groot verlossingsverhaal.


Laat die Lig van Christus
ook in ons donker plekke skyn,
sodat ons saam met U
nuwe stories van hoop kan leef.
Amen.

# Gebed



# VONKK 79:1

Genade, so oneindig groot,
gee U, o Heer, vir my.
Ook ek, verlore sondaarmens,
word van my skuld bevry.

VONKK 79:2

**Deur swaarkry, hartseer en gevaar,**
**moes ek my pad hier vind.**
**U goedheid, Heer, het my bewaar**
**en my aan U verbind.**

Al was ek so verhard en blind,
al het ek niks verdien,
kon ek by U genade vind –
geloof, wat my laat sien.

Ek loof U vir genade, Heer,
so onverdiend aan my.
Vergifnis gee U keer op keer
as ek my skuld bely.

Nou leef ek daagliks uit u hand,
my hart na U gekeer.
Met al my gawes en verstand
wil ek U dien, o Heer.

# Seën

Mag die God van genade jou storie herskryf.
Mag Christus, die Lig van Advent,
jou ontmoet waar jy gebreek is.
En mag die Heilige Gees jou lei om draer sy
hoop te wees vir die naamlose lammertjies.
Amen.